# Die Olyftak



*Gewilde nuusberigte op ons eie tuisgrond*

Olive Crescent Aftree-Oord, h/v Leanderweg & Olivelaan, Olympus, Pretoria, 0081 Tel: (012) 809 2377 | Cell: 083 381 3475

**VOLUME 14** **APRIL / MEI 2024**

**Voorsittersbrief**:

In die herfstyd, met nagte wat langer word en die dae al korter, ervaar mens nie altyd die verandering van donker na lig toe nie. Ná die ongemaklike 'boeksoek' in die biblioteek het nuwe buisligte groot verligting gebring – letterlik en figuurlik. 'n Olyftakkie aan Pieter en Ann, vir hul volgehoue toewyding aan die biblioteek.

**Die biokinetika-klasse op Dinsdae en Vrydae bring baie glimlagte van inwoners; ná die pynlike gespook met rek, strek, bal en sakkies is al die pyne weg. Meer en meer van ons inwoners neem deel aan hierdie suksesvolle inisiatief. Dit maak onder meer beweeglikheid van die ledemate makliker en verbeter die deelnemers se liggaamsbalans.**

*Load shedding is on its way for Olive Crescent. Project planning for the refurbishment and upgrading of the Wapadrant sub-station started before January 2022. According to the information we have, work ensued in early 2022. One can thus assume that progress to completion would be on track at an advanced stage, and commissioning may already be forthcoming before year-end. This very delicate situation with the totally overburdened substation, was the reason for our area being excluded from load shedding rosters. When the commissioning is completed, we shall not be spared from load shedding.*

Die begrotingsproses vir 2024-'25 is afgehandel. Die afwaartse neiging van ons finansiële posisie is nou finaal gestuit, en as ons realisme in ons finansiële bestuur toepas, sal ons op die groeipad bly. Met inagneming van die Lede se mandaat aan Trustees is die heffingkoers in ooreenstemming met die bepalings daarvan op 7.2% vasgestel. *The capitalisation of the prescribed contribution from the Admin Fund into the Reserve Fund should enable us to reach the legally required level for the Fund within three years.*

**Herfskleure het al die plek van vriendelike somerskleure begin inneem. Die klimaat verander en die reën bedaar heeltemal gedurende April. Dit word wyd erken dat daar weinig plekke in die wêreld is wat so 'n wonderlike klimaat het soos die hoëveld van die ou Transvaal, veral April en Mei tot middel Junie.**

Op 29 Mei moet ons ons kruisies gaan trek. Sonder om politiek te praat – elkeen van ons moet gaan stem vir instansies wat werklike heling vir ons stukkende staatsbestel kan lewer.

Arie Korf – 082 450 6959

**Finansies**:

| *Financial Results – year to date* | | | *Jan '24* |
|---|---|---|---|
| | ***Actual*** | ***Variance*** | ***Budget*** |
| *Admin Fund* | 1 688 682 | 91 419 | 1 780 101 |
| *Contribution* | 117 300 | 1 725 | 119 025 |
| *Tax* | 3 063 | 9 087 | 12 150 |
| *Reserve Fund* | (69 945) | 100 731 | 30 787 |
| *Levy* | (1 912 462) | 22 766 | (1 889 696) |
| *Year to date* | **(173 362)** | **225 729** | **52 367** |

*The projected surplus is R 150 000 better than budget. Main contributory causes: (i) reduced water consumption and (ii) uncompleted capital projects (R 77 000).*

*Consolidated cash equivalents R 98 000 rounded better than closing balance at year-end April '23.*

**Gedragsreëls** (**ter inligting**): *The restrictions in respect of the **minimum age for residents** at Olive Crescent is regularly challenged. The following **Management Rules** apply –*

*3.2 A member (owner) must take all reasonable steps to ensure compliance with the conduct rules in force in terms of section 10(2)(b) of the Act by any tenant or other occupant of any section or exclusive use area (if any), including the member's employees, guests, visitors, and family members.*

*58.2 When the owner of a unit cannot or does not want to occupy the unit himself, it may be leased, provided that: (i) No person other than a retired person or the spouse of a retired person may occupy the unit, except with the approval of the Body Corporate; (ii) The principal lessee and any occupants are not younger than 50 years of age except otherwise with the approval of the body corporate and are able to live an independent lifestyle.*

*(iv) The owner of the unit accepts that the trustees can request him/her to terminate the lease with thirty (30) days' notice due to a tenant's non-compliance with the management rules and rules of conduct of Olive Crescent.*

**SGM** – Directions to, or restrictions imposed on, Trustees: *Trustees must initiate at least 3 (three) special general meetings per year, for any special business, or matters outside the powers of the Trustees, or information to members.*

Dagboek asb. Donderdag **27 Junie** 2024, 14:30, vir 'n spesiale algemene vergadering (Gedragsreëls).

## OORDSTATISTIEK *VILLAGE STATISTICS*

Eenhede te koop: 3 (#53, #80, #81) Eenhede verkoop: 1 (#42)

Eenhede te huur / verhuur: 0 Etes voorsien: Februarie – 1159

Bedokkupasie – R@H: Januarie – 8 pasiënte; Februarie – 8

## TEGNIES – SKT

Hier aan die einde van die finansiële jaar is ons dankbaar dat ons al ons doelwitte soos beplan kon uitvoer; ook dat die inspeksie wat gedoen is vir die beplanning van die volgende finansiële jaar, bevestig het dat ons oord steeds mooi en goed versorg lyk. Ons dank aan almal wat meegewerk het om dit moontlik te maak.

Die SKT het laat verlede jaar begin om die houtplankies op die hekke te vervang. Ons benadering was om die mees opsigtelike areas eerste aan te spreek; derhalwe is die hoofhekke by die waghuis eerste gedoen.

Daar is besluit om agtereenvolgens, soos fondse beskikbaar word, aandag te gee aan die hekkies by die onderskeie woonstelblokke se wasgoedhokkies, asook dié by die vullisdromstoor. Ná ontleding van ons beskikbare fondse kon ons genoeg materiaal aanskaf om ook in die hekkies van eenhede 1 tot 8 die plankies te vervang wat aan reën blootgestel was en erg verweer is. Aangesien die lengtes van die plankies heelwat verskil, is dit moontlik om sommige plankies weer te gebruik deur die verweerde deel af te saag.

Daar is in die nuwe begroting voorsiening gemaak om verder te gaan en mettertyd sal al die plankies vervang word op dieselfde grondslag as wat die verfprojek voorheen gedoen is, naamlik deur die oord in segmente op te deel om die werklas en koste te versprei.

**Anton Joubert**



## OMGEWINGSAKE – SKO

’n Veranderde skedule vir tuindienste in ons oord het in Februarie in werking getree.

’n Volledige rooster is op die kennisgewingbord in die eetkamer ter insae en is ook per e-pos uitgestuur.

Opsommenderwys –

Op **Maandae** tussen 08:15 en 11:55 word eenhede 1, 3, 5, 6 en 7, asook eenhede 12, 14, 15, 17 en 19 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 14:40 is dit eenhede 8, 10 en 13, asook eenhede 20 en 21 se beurt.

Op **Dinsdae** tussen 08:15 en 11:15 word eenhede 2, 4, 9, 11, 16 en 18, asook 24, 25, 26, 27, 28, 22, 23, 29 en 30 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 14:20 is dit eenhede 70, 71, 72 en 73 se beurt.

Op **Woensdae** tussen 08:15 en 11:55 word eenhede 61, 68, 67, 65, 64, 66 en 69, asook eenhede 52, 51, 63, 62, 60, 58, 57 en 59 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 13:20 kom eenheid 59 aan die beurt.

Op **Donderdae** tussen 08:15 en 11:55 word eenhede 41, 42, 43, 44, 45 en 46, asook eenhede 47, 48, 49, 50, 53, 54, 56 en 55 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 13:40 is dit eenhede 45 en 56 se beurt.

**Vrydae** word oopgehou vir spesiale algemene take en spesiale versoeke van inwoners.
Indien daar vakansiedae op Maandae tot Donderdae val, kan inwoners wat dit nodig ag, ook versoeke vir diens op die betrokke Vrydag rig.

Die werkers by individuele eenhede sal kwartaalliks afgewissel word.

Inwoners in woonstelle op die boonste vlakke van blokke A en B (d w s eenhede 31 tot 40 en 74 tot 83) kan met die Trustee: Omgewingsake reël indien hulle ’n tuinwerker se diens benodig.

**Roelf van Tonder**

## INWONERSAKE – SKI

In die vorige uitgawe van *Die Olyftak* het ons die kollig op ons vier oudste inwoners laat skyn – almal van hulle 'n geseënde 90 jaar of ouer. In hierdie uitgawe juig ons oor 'n aantal egpare in ons oord wat al diamantstatus bereik het: 60 jaar of langer getroud.

Aan hierdie egpare wil ons sê: Ons is saam met julle dankbaar en bly dat julle gekies het om Olive Crescent jul tuiste te maak.

Inwonergroete **Gezina Lombard**

"Vir botter of vir wors" is mos ons tong-in-die-kies vertaling van die Engelse troubelofte "for better or for worse". As twee getroudes ná 60 jaar nog saam is, was daar sekerlik vir hulle meer botter as wors. [– Red.]

### Roelf en Rina Smith



Rina is in Brakpan gebore en Roelf in Durban. Sy ontmoet hom in 1960 terwyl sy saam met 'n vriendin daar vakansie hou. Hulle is op **21 Maart 1964** in Durban getroud, het onder meer in Parow en Benoni gewoon en woon al die afgelope 42 jaar in Pretoria.

Rina was sekretaresse by skole en tree af as sekretaresse vir die dekaan van Natuurwetenskappe by Tukkies.

Nadat Roelf die *Chartered Institute of Secretaries* se eindeksamen geslaag het, mag hy die letters ACIS agter sy naam aanbring. Hy spits hom toe op administratiewe en rekenkundige aspekte van sake-ondernemings. Sedert 1997 werk hy vir homself, totdat hy in Maart 2022 aftree op die mooi ouderdom van 85 jaar.

Hulle het twee dogters, nl. Ronel en Rista, een kleindogter, Laruchka, en een agterkleindogter, Lahra, tans 9 maande oud.

Rina was die eerste persoon in ons huis toe ons in Olive Crescent ingetrek het; daarom is daar 'n warmte om ons harte jeens haar. Sy en Lettie doen verwelkoming en siekebesoek hier in ons oord – 'n selflose mens.

Hierdie twee mense is altyd dankbaar in hul omstandighede!



### Ted en Annemarie Stilwell

Ted en Annemarie het mekaar by die universiteitsbiblioteek ontmoet, waar sy gewerk het en hy navorsing gedoen het vir sy meestersgraad in Wetenskap, wat hy met lof geslaag het.

Annemarie het haarself bekwaam as bloemiste asook as tegniese instruktrise in Arbeidsterapie, waarin sy ook as dosent gewerk het.

Hulle is op **25 Januarie 1964** in Brooklyn getroud. Hulle was ook 20 jaar lank in die gastehuisbedryf.

Ted en Annemarie het drie dogters, nl. Celester, Michele en Nicole, ses kleinkinders en twee agterkleinkinders.

Hierdie egpaar lewer 'n groot diens in hul gemeente. Hul wenresep? Hulle lag en bid saam.

### Piet en Sophie van Wyngaardt



Piet is in Trichardt gebore en Sophie in Witbank, waar sy grootgeword het.
Piet is ná skool bankwese toe en Sophie het haarself as suster bekwaam. Sy het in Witbank-Hospitaal gewerk toe Piet met 'n groep vriende daar besoek afgelê het; en so het die twee mekaar ontmoet. Piet het toe op Ogies gewerk. Die volgende dag het hy haar gekontak en is die koeël deur die kerk.

Hulle is op **8 Junie 1963** te Witbank getroud. Hulle het baie rondgetrek en in 15 dorpe gewoon. Piet het in Thabazimbi as bankbestuurder afgetree.

Hulle het drie kinders, nl. Martie, Louis en Elna, vier kleinkinders en een agterkleinkind – en gaan in September 'n tweede een ryker word.

Hierdie twee mense is sielsgenote wat groot harte het vir hul medemens. Hulle maak dit maklik om vir hulle lief te wees.



### Calipie en Joyce Calitz

Calipie het Joyce in Port Elizabeth ontmoet, toe 'n vriend hulle aan mekaar voorgestel het. Calipie was destyds 'n radiotegnikus in die polisie en Joyce het kantoorwerk gedoen.
Hulle is op **30 Januarie 1960** getroud.
Hulle het twee seuns, naamlik Pieter en Gerhard, asook drie kleinkinders.
Hierdie twee mense lag oor die dag wat kom en Calipie was op sy dag 'n knap fluitspelerer.

### Willie en Ann Lombard

Willie is in die distrik Vryburg gebore en Ann in Kimberley. Vriende van Willie se ouers het Ann aan Willie voorgestel in Rustenburg, waar hy 'n skrynwerker in die myn was en Ann 'n haarkapster. Hulle is op **7 Maart 1957** te Rustenburg getroud.

Hulle het vier kinders, nl. Vivienne, Anette, Louis [oorlede] en Willie. Daar is nege kleinkinders en drie agterkleinkinders. Willie het as hoofwaardeerder en inspekteur by die hoofkantoor van Saambou te Pretoria afgetree.

Ann se gunsteling-slagspreuk is: "To be His hand extended." Willie s'n: "Daar is geen plek enige plek naby die plek soos hierdie plek so hierdie is die plek."



## SEKURITEIT – SKS

Weens tekortkominge in die vingerafdruksisteem by die toegangshek is daar ná 'n ondersoek en deeglike oorweging besluit dat werkers – alle huiswerkers, privaat versorgers, asook die sorgsentrumpersoneel – van 1 Mei af die interkomstelsel moet gebruik vir toegang tot die oord. Die tydperk 1 tot 31 Mei sal 'n proeftydperk wees; daarna moet ons besluit watter permanente reëling voortaan sal geld vir genoemde werkers se toegang.

**Piet van Deventer**

## DIENSTESENTRUM – SKD

Suster Yolandi van Retire at Home het inisiatief geneem om met die Gidshondvereniging van SA te reël om ’n besoek te bring aan die versorgingsentrum en aan verswakte inwoners elders in die oord. Hierdie besoek op 24 Februarie is deur verskeie inwoners beskryf as “terapeuties”, ’n “reuse sukses” en die soort geleentheid wat ons beslis meermale moet reël.



Hierbenewens wil ons ons inwoners aanmoedig om as vrywilligers sosialiserings-besoeke aan pasiënte in die sorgsentrum te bring.

**Elly van Zyl**



## LIEF & LEED *LOVE & LOSS*

**Hartlike gelukwense aan inwoners wat in April en Mei verjaar –**

Karin Terblanche – # 57 (03/04)
Ellaine Cater – # 18 (11/04)
Sophie van Wyngaard – # 78 (12/04)
Rachel Zwart – # 81 (18/04)
Jeanette Nel – # 59 (29/04)
Martie Kritzinger – # 35 (29/04)
Ann Cloete – # 24 (01/05)
Rina Range – # 3 (07/05)
Jan du Preez – # 15 (11/05)
Magritha Storey – # 56 (11/05)

Marie Griessel – # 31 (12/05)
Chantél Martin – # 42 (12/05)
Pieter Venter – # 36 (12/05)
Annemarie Stilwell – # 44 (12/05)
Maryn van Staden – # 48 (14/05)
Yolandi Daniels – R@H (15/05)
Philip van Tonder – # 40 (22/05)
Ann Delport – # 41 (25/05)
Fanie Lombard – # 60 (25/05)



Die onverwagse en tragiese afsterwe van Peet du Plessis het ons diep getref.
Baie sterkte, Rynette; wees verseker van ons ondersteuning in hierdie moeilike tyd.

**Ons verwelkom** die **nuwe intrekkers –** Dora en Dave Germishuizen (#42).
Ons vertrou julle sal lank en gelukkig hier in Olive Crescent woon.

’n Vrou is soos ’n horlosie. Van buite sien jy haar hande beweeg, maar daar is iets diep binne in haar hart wat haar energie gee om voort te gaan.

Dis hierdie energie wat ons tydens ons Maartvergadering beleef het. Te midde van ’n erge hittegolf het die dames se vlytige vingers oor karton en papier beweeg en het hulle uitvoering gegee aan hul kreatiwiteit. Die foto’s spreek vanself.








In April gaan ons saam ontbyt eet en in Mei besoek ons Rademeyers. Ons is opgewonde oor ons Junievergadering waartydens Generaal-Majoor Tersia Jacobs ons kom toespreek.

’n Vrou gee rigting en almal kyk gedurig na haar om koers en orde te behou.

Dameskluboete

**Gezina Lombard**

## DAGBOEK & SAMESYN *DIARY & SOCIAL EVENTS*




| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:00 en VRYDAE 09:00 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00<br>In die SITKAMER van die OORD<br>Onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |

## Packaged **Care**

Designed to create stability in long term care. These monthly packages are payable in advance and do not require a deposit.

**Feature**

- Every day, Monday to Sunday
- Choose between three options
- Pay the same amount each month
- Includes monthly Doctor visit

| | |
|---|---|
| **Bath Package Peak**<br>**Between 05:00–10:00** | **R 750** |
| **Bath Package Off-peak**<br>**Between 10:00–12:00** | **R 530** |

## **Care** as needed

An assessment and quotation is required before service can start.

- No bundled products, just care as needed
- No minimum days per week
- Minimum hours (location determined)
- Flexible contract term

| | |
|---|---|
| **Monday to Saturday** | **R58/hour** |
| **Sunday Time** | **R87/hour** |
| **Public Holiday** | **R116/hour** |

50% deposit payable before service can start. This deposit will be retained and applied to final invoice. Services used will be invoiced and is due at the end of the month. Minimum hours will be discussed during the assessment.

**Retire at Home**
Professional homebased care and training

# 0860 766 949

**www.retireathome.co.za | info@retireathome.co.za**

